Omgeegroep gespreksgids
Tema 1

God is lig... Wat maak ons daarmee?

Die brief 1 Johannes is nie 'n tipiese brief soos wat ons in die Bybel leer ken het nie. Van die kern eienskappe is nie hier teenwoordig nie. Dit moet ons egter nie laat dink dat hierdie brief nie noukeurig bestudeer hoef te word nie. Wanneer mens hierdie brief begin lees en dit van voor tot agter lees kom mens gou agter dat die brief nie net geskryf is vir die eerste lesers nie, maar dit is ook vir ons in ons konteks geskryf. Die brief is nie net vir tóé nie, maar ook vir vandag,. Dit spreek ook vandag se Christen aan. Dit praat oor ons verhouding met God sowel as ons verhouding met mekaar. En soos die eerste tema sê wil dit ons ook help om dit wat ons glo ook prakties uit te leef met ons lewens.

Inleidende vraag:

- Wat is jou herinnering van kerk, kerkgangers en kerkbywoning van jou jonger dae?

Lees deur 1 Johannes 1:1-10

- Watter woord, vers of gedagtes het by jou opgekom toe jy hierdie gedeelte gelees het?
- As jy die boodskap van 1 Johannes in een sin aan iemand moes verduidelik, wat sou jy sê?

Johannes val met die deur in die huis in die eerste paar verse. Hy getuig van Jesus wat beide God en mens was.

- Hoekom dink jy is dit belangrik om te besef dat Jesus van die begin af daar was, maar dat hulle Hom kon hoor, sien en aan hom raak?
- Waarom verkondig Johannes die evangelie? (Vers 3)

Johannes gebruik die teenstelling van Lig en duisternis om iets te sê van die verskil tussen God en ons.

- Hoekom sou jy sê is dit belangrik om so groot teenstelling te gebruik?
- Johannes skryf in die laaste vier verse oor hoe die mense kan omgaan met hierdie waarheid. Jy kan kies om in die lig te lewe dan is daar sekere gevolge. Of jy kan kies om in die duisternis te wandel en dan is daar ander gevolge. Wat is die gevolge van in die lig lewe en wat is die gevolge van in die duisternis lewe?

Dit gebeur soms dat iemand op 'n Sondag op 'n sekere manier leef en die res van die week op 'n ander manier. Dink jy dit is nodig/belangrik dat mens se geloof en jou leefwyse dieselfde moet wees, of is dit moontlik om met die kop te glo maar met die lyf anders op te tree?

Word vir 'n oomblik prakties.

Lees die volgende aanhaling van en deel met mekaar hoe jy in die week wat voorlê jou geloof en jou dade in lyn met mekaar gaan probeer kry.

> "Being a Christian does not add anything to being a human being, but puts our humanity into force."
>
> Dietrich Bonhoeffer

Sluit julle geleentheid af deur met mekaar gebedsbehoeftes te deel en daarvoor te bid. Probeer ook tydens die gebed bid vir elkeen se verhouding met God sowel as onderlinge verhoudings tussen mekaar.